

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknr. : 4693/2011

In die saak tussen:-

DIE PROKUREURSORDE VAN DIE VRYSTAAT

Applikant

en

EMIELE SPILLMAN

Respondent

CORAM: JORDAAN, R *et* DAFFUE, R

AANGEHOOR OP: 1 MAART 2012

UITSPRAAK DEUR: JORDAAN, R

GELEWER OP: 8 MAART 2012

[1] Die applikant is die Prokureursorde van die Vrystaat wat aansoek doen vir die skrapping van die Rol van Prokureurs van die respondent, een van applikant se lede wat as prokureur praktiseer in 'n eenmansaak uit sy huis. Die respondent is toegelaat as prokureur, notaris en transportbesorger op 19 Oktober 1995 en praktiseer derhalwe as sulks.

- [2] Die aansoek spruit voort uit drie klagtes wat die applikant ontvang het met betrekking tot die optredes van die respondent, welke klagtes nie in geskil is nie en nie deur die respondent betwis word nie. Dit is dienlik om kortliks na die aard en omvang daarvan te verwys.
- [3] Die eerste klagte is aanhangig gemaak deur 'n mede-prokureur. Gedurende die jaar 2009 het sy twee huweliksvoorwaardekontrakte ten opsigte van kliënte van haar aan die respondent gestuur ten einde dit te registreer in die Akteskantoor. Sy het verskeie oproepe aan hom gemaak ten einde die geregistreerde dokumente terug te ontvang, waarop hy haar meegedeel het dat hy die lêer soek en die geregistreerde kontrakte aan haar sal laat toekom. Hierdie mededelings was natuurlik leuenagtig, aangesien hy nooit toegesien het daartoe dat die kontrakte geregistreer word nie ongeag die feit dat hy betaling daarvoor ontvang het.
- [4] Die volgende klagte word as klagte 3 in die stukke behandel, maar in chronologiese datumvolgorde behoort dit as die tweede klag gesien te word. Hiervolgens het ene Meyer gedurende Augustus 2009 'n aanmaningskrywe van 'n

prokureursfirma uit Oos Londen ontvang vir die terugbetaling van twee lenings in die gesamentlike bedrag van R78 649,20 ten opsigte van sekere oorbruggingsfinansiering deur die maatskappy Vincemus Investments (Edms) Bpk verleen. Aangesien Meyer nooit sodanige lenings aangegaan het nie, het hy navraag gedoen en is dit vasgestel dat die respondent hierdie lenings bekom het onder die naam van die gesegde Meyer. Die aansoek was reeds gedoen op die 19de Januarie 2009 en betaling aan respondent het geskied op die 20ste Januarie 2009.

- [5] In reaksie op hierdie voorval, het die respondent op die 26ste Oktober 2009 'n skrywe gerig aan die gesegde Meyer waarin hy erken dat hy die lenings ten behoeve van homself aangegaan het in die naam van Meyer. In die brief betuig hy sy spyt en geweldige berou en meld die volgende:

“Ek het 'n groot les geleer en is nou besig om die verlede reg te stel. Ek sal nooit weer hierdie weg volg nie en besef dat ek ook my familie te na gekom het.”

- [6] In antwoord op hierdie aanklag het die respondent ook 'n

eedsverklaring aan die applikant laat toekom gedateer 23 November 2011. Daarin meld hy, onder andere, dat hy as gevolg van die aangeleentheid behandel is in die hospitaal vir 'n tydperk en waartydens hy, onder andere, 'n geweldige epileptiese aanval gehad het wat tot tydelike bewusteloosheid gely het.

- [7] Die volgende klagte wat in die stukke as die tweede klagte behandel is, maar in chronologiese tydsverloop die derde klagte behoort te wees, is 'n klagte ingedien namens 'n maatskappy bekend as CapX (Edms) Bpk. Dit blyk dat die respondent aan die gesegde maatskappy voorgegee het dat 'n sekere kliënt, ene Pretorius, oorbruggingsfinansiering benodig ten opsigte van 'n eiendomstransaksie. Vir daardie doel het die respondent sekere dokumentasie aan CapX (Edms) Bpk laat toekom wat ingesluit het, onder andere, 'n prokurasie om transport te gee geteken op 5 Februarie 2010, 'n volmag om, onder andere, oorbruggingsfinansiering te bekom gedateer 16 Februarie 2010, 'n aansoek om oorbruggingsfinansiering onderteken 17 Februarie 2010 sowel as 'n getekende leningsooreenkoms gedateer 17 Februarie 2010. Hierdie dokumente gee almal voor om deur

ene Pretorius onderteken te wees.

- [8] Dit is onbetwis dat, voor oorbetaling van die gevraagde finansiering aan die respondent, 'n verteenwoordiger van die maatskappy navraag gedoen het oor die kontakbesonderhede van die gesegde Pretorius ten einde sekere inligting van Pretorius te bekom. Die respondent het egter aangedui dat Pretorius moeilik bekombaar is en het op grond van daardie navrae die volmag gedateer 16 Februarie 2010 aan die maatskappy laat toekom met, onder andere, die volgende nota daarop:

“Is die volmag nie dalk voldoende. Ek spoor die kliënt nie vandag op en wil dit graag afhandel. Dis 'n onherroeplike volmag.”

- [9] Die bedrag van R169 000,00 is as gevolg van die voormelde dokumentasie aan die respondent oorbetaal. Die volgende dag het die maatskappy vasgestel dat die gesegde Pretorius geen kennis dra van die transaksie nie en nie die respondent ken nie. Die respondent is deur Mnr. Rossouw, namens die maatskappy, gekonfronteer waartydens hy aanvanklik

beweer het dat die gesegde Pretorius voorheen deel sou wees van die eiendomstransaksie, maar dat dit eintlik nou iemand anders is wat die geld nodig. Later het die respondent erken dat hy die geld vir homself gebruik het en aangevoer dat hy dit gebruik het om te betaal vir sy vrou se mediese behandeling. In 'n e-pos gedateer 25 Februarie 2010 skryf die respondent aan die betrokke maatskappy se verteenwoordiger dat hy nou na 'n paar dae in die hospitaal volstoom besig is om die geld verskuldig bymekaar te kry en dit binne enkele dae sal terugbetaal. Hy gaan voort om te beweer:

“Ek is werklik net oorval deur vrees en siekte in my familie en poog om die probleem so spoedig moontlik op te los.”

[10] Soos reeds vermeld, erken die respondent die voormelde optredes en bewerings wat teen hom gemaak is. Hy wys daarop dat hy die bedrag van R169 000,00 met rente en regskoste reeds terugbetaal het aan die maatskappy CapX (Edms) Bpk en onderneem om die gelde van die ander maatskappy terug te betaal teen April 2012.

[11] Die respondent voer aan dat die hof in sy diskresie hom nie

van die rol behoort te skrap nie, maar inderdaad slegs 'n skorsing vir 'n gepaste tydperk onder gepaste voorwaardes sal oplê. Ter regverdiging hiervoor steun hy uitsluitlik op 'n mediese toestand waarna hieronder verwys word.

- [12] Respondent beweer dat hy vroeg in die jaar 2000 vasgestel het dat hy sukkel om druk en angs te verwerk en dat hy daarna met 'n bipolêre versteuring gediagnoseer is. Hy beweer dan ook dat hy geadviseer is dat, met die korrekte medikasie, die versteuring en veral die gepaardgaande onderliggende simptome suksesvol beheer kan word, wat hom in staat sal stel om professioneel en verantwoordelik op te tree. Hy beweer dat hy glo dat hy, met die korrekte medikasie, nie so sou opgetree het soos hy gedoen het nie en dat dit hom spyt dat hy nie vroeër professionele hulp ingewin het nie.

- [13] Ter ondersteuning van sy beweerde toestand, het respondent 'n eedsverklaring van Dr. S.J. Meyer, 'n psigiater van beroep, aangeheg. Volgens hierdie verklaring het die gesegde Dr. Meyer die respondent reeds in Maart 2004 gekonsulteer en gediagnoseer met bipolêre versteuring

waarna hy ook daarvoor behandel is. In die verklaring word oor die algemeen verwys na die aard en effek van bipolêre versteurings en word, onder andere, die volgende vermeld:

“In erge gevalle kan die insig en oordeel van die persoon so versteurd wees dat die persoon, uit ‘n regsoogpunt, as verminderd toerekeningsvatbaar beskou kan word.”

Die gesegde psigiater gaan dan as volg voort:

“Ek is van mening dat dit moontlik is dat sommige van die dade waarna verwys word in die hofstukke, tydens sulke episodes plaasgevind het. Dit is ook redelik algemeen dat ongediagnoseerde pasiënte met maniese depressie hulself medikeer of middels gebruik om sodoende hulle simptome van depressie of hiperaktiwiteit te hanteer.”

“... Dit is volgens my moontlik dat Mnr. Spillman reeds lank ongediagnoseerde maniese episodes ervaar waartydens hy groot planne het, groter risiko's neem en sy oordeel oor die algemeen ingekort is.”

“... Die misbruik van middels bly volgens my steeds ‘n risiko by Mnr. Spillman maar in my ondervinding is dit egter moontlik om enige misbruik en/of verslawing met die verloop van tyd te oorkom.”

Die psigiater sluit dan af met die opmerking dat die respondent volgens sy mening na die verloop van tyd en met behoorlik behandeling weer in staat sal wees om as professionele prokureur behoorlik te funksioneer.

[14] Wat onmiddellik blyk uit die voormelde getuienis is die volgende:

- (a) Die respondent is reeds in 2004 gediagnoseer en sedert toe deur die psigiater behandel. Die opmerkings omtrent ongediagnoseerde pasiënte is derhalwe nie van toepassing in die tydperk wat die oortredings gepleeg is nie.
- (b) Die psigiater is van mening dat slegs in erge gevalle 'n persoon se toerekeningsvatbaarheid moontlik as gevolg van die toestand verminder kan word. Nêrens beweer hy egter dat die respondent aan erge bipolêre versteurings ly nie.
- (c) Die psigiater meld slegs as 'n moontlikheid dat sommige van die daede tydens sulke episodes plaasgevind het. Dit is nie vir die hof om te spekuleer oor moontlikhede nie, maar moet daar 'n beslissing

gemaak word op grond van behoorlike getuienis en op waarskynlikhede.

- (d) Volgens die psigiater se getuienis is die respondent weens sy psigiese toestand in elk geval nie tans geskik om as prokureur te praktiseer nie.
- (e) Die psigiatryse getuienis gaan nêrens so ver as om te probeer voorgee dat 'n bipolêre versteuring kan lei tot oneerlikheid as sulks nie.

[15] Op grond van die voormelde moet die volgende drie aspekte oorweeg word:

- (a) Die vraag of die beweerde oortredings bewys is. In hierdie geval is dit gemene saak en hoef daar nie verder daarmee gehandel te word nie.
- (b) Die vraag of die respondent in die lig van die voormelde getuienis, in die diskresie van die hof, geag word nie 'n geskikte en gepaste persoon te wees om voort te gaan om as prokureur te praktiseer nie. Hierna word later teruggekeer.
- (c) Indien bevind word dat die respondent nie 'n geskikte en gepaste persoon is om as prokureur te praktiseer nie, ontstaan die derde vraag, naamlik of die hof, in sy

diskresie, moet gelas dat hy geskrap word van die Rol van Prokureurs of, alternatiewelik, 'n bevel waarvolgens hy vir 'n sekere tydperk geskors word voldoende mag wees.

Sien **MALAN AND ANOTHER v LAW SOCIETY, NORTHERN PROVINCES** 2009 (1) SA 216 (SCA) te 219 par. [4].

- [16] Met betrekking tot die vraag of die respondent 'n geskikte en gepaste persoon is om as prokureur te praktiseer, is dit eerstens duidelik dat hy nie alleen op verskeie geleenthede bedrieglik opgetree het nie, maar ook aanvanklik probeer het om dit op 'n leuenagtige wyse te verduidelik. So het hy, onder andere, 'n leuen vertel oor Pretorius se betrokkenheid deur aanvanklik voor te gee dat Pretorius wel betrokke was, maar later uit die prentjie verdwyn het. Dit is 'n duidelike leuen. Dit is ook duidelik dat die respondent, ten einde die oorbruggingsfinansiering te bekom, verskeie dokumente nie alleen vervals het nie, maar ook die handtekeninge daarop vervals het. Dit dui op 'n beplande optrede eerder as impulsiewe gedrag. Sy bedrieglike optrede is onbetwis.

- [17] Wat betref die verwagte standaard van professionele optrede van 'n prokureur is in die beslissing van VASSEN v LAW SOCIETY OF THE CAPE OF GOOD HOPE 1998 (4) SA 532 (SCA) te 538 G die volgende gesê:

“In this regard it must be borne in mind that the profession of an attorney, as of any other officer of the Court, is an honourable profession which demands complete honesty, reliability and integrity from its members;”

Min of meer dieselfde word ten opsigte van 'n advokaat gesê (die beginsels is net so van toepassing op 'n prokureur) in KEKANA v SOCIETY OF ADVOCATES OF SOUTH AFRICA 1998 (4) SA 649 (SCA) te 656 A:

“The preservation of a high standard of professional ethics having thus been left almost entirely in the hands of individual practitioners, it stands to reason, firstly, that absolute personal integrity and scrupulous honesty are demanded of each of them ...”

- [18] Dit is duidelik dat die respondent se optredes nie aan die

voormelde streng vereistes van eerlikheid en integriteit voldoen nie. Daar kan geen twyfel wees dat die respondent as gevolg van sy bedrieglike optrede en in die omstandighede waaronder dit geskied het, nie 'n geskikte en gepaste persoon is om as prokureur te praktiseer nie. Dit is in effek deur Mnr. Fischer, namens die respondent, toegegee.

- [19] Wanneer dit kom by die oorweging van die vraag of die respondent van die Rol van Prokureurs geskrap moet word of, alternatiewelik, bloot vir 'n tydperk geskors moet word, moet natuurlik ook die respondent se persoonlike omstandighede in ag geneem word. Hy is tans 53 jaar oud, getroud en het drie kinders wat onderskeidelik 30, 26 en 19 jaar oud is. Hy het aanvanklik gewerk by die Registrateur van Aktes, later 'n BJuris en LLB behaal waarna hy as klerk by 'n prokureursfirma gewerk het. Aldaar het hy kwalifiseer as prokureur, notaris en transportbesorger en na sy toelating as sulks vir 'n tydperk as professionele assistent gewerk. Vanaf die jaar 2000 het hy vir eie rekening begin praktiseer uit sy huis. Hy was ook van tyd tot tyd deeltjyds 'n dosent te die Universiteit van die Vrystaat, Damelin Kollege en te

LEAD. Soos reeds gemeld het hy reeds die bedrag ten opsigte van CapX (Edms) Bpk terugbetaal en onderneem om die ander gelde terug te betaal teen April van hierdie jaar.

- [20] In die **VASSEN**-beslissing (*supra*) te 538 J word tereg daarop gewys dat selfs indien dit vasstaan dat 'n prokureur 'n pilaar in die gemeenskap is, goeie gemeenskapsdiens lewer, sosiale opheffingswerk doen, ensovoorts, dit nie gesien kan word as 'n plaasvervanger in sy beroep vir die vereistes van eerlikheid, betroubaarheid en integriteit nie.

In **MALAN AND ANOTHER v LAW SOCIETY, NORTHERN PROVINCES** 2009 (1) SA 216 (SCA) te 221 D – E word die volgende gesê met betrekking tot die vraag of 'n skorsing eerder as skrapping aangewese is in gevalle van oneerlike gedrag deur 'n prokureur:

“Obviously, if a court finds dishonesty, the circumstances must be exceptional before a court will order a suspension instead of a removal.”

In die beslissing van **A v LAW SOCIETY OF THE CAPE OF GOOD HOPE** 1989 (1) SA 849 (AD) is 'n prokureur slegs geskors nadat hy hom skuldig gemaak het aan teistering van sy gewese vrou, haar familie en haar eertydse regsverteenwoordigers wat in die egskeidingsgeding namens haar opgetree het. Daar was verskeie interdikte teen hom verkry, waaraan hy nie gehoor gegee het nie. In daardie geval was daar psigiatryse getuienis beskikbaar wat daarop gedui het dat die betrokke prokureur inderdaad aan 'n persoonlikheidsongesteldheid gelyk het wat inderdaad die oorsaak van sy optrede was. Daar is bevind dat sy optrede teenoor ander in sy professionele hoedanigheid onberispelik was. Volgens die psigiatryse getuienis sou die persoonlikheidsgebrek bevredigend behandel kon word en was dit onwaarskynlik dat hy die gesegde tipe optrede sou herhaal.

In die huidige geval is daar, soos reeds vermeld, geen aanduiding dat die respondent se bipolêre versteuring oorsaaklik is tot oneerlikheid nie. Behalwe om te verwys na moontlikhede en algemene gevolgtrekkings, neem die

psigiatriese getuienis die aangeleentheid hoegenaamd nie verder nie en is nie spesifiek gerig op die omstandighede en toestand van die respondent nie. In die laasgemelde beslissing was oneerlikheid en bedrog nie ter sprake nie, maar sosiaal onaanvaarbare gedrag.

[21] Aangesien elke geval op sy eie beoordeel behoort te word en waar weinig indien ooit presies ooreenstemmende omstandighede tussen verskillende gevalle is, is dit nodeloos om 'n studie te doen van vergelykbare bevele in ander sake. Volstaan kan word met die algemene opmerking dat as algemene reël, waar oneerlikheid ter sprake is, skrapping die algemene gevolg is.

[22] Daar is reeds op gewys dat die respondent grootliks daarop steun dat hy, met die nodige korrekte behandeling, 'n behoorlike professionele praktyk sal kan voortsit. Eerstens impliseer dit 'n erkenning dat hy nie tans daartoe in staat is nie en tweedens is dit in elk geval op ander gronde te betwyfel. Die respondent is reeds in 2004 gediagnoseer en

ontvang sedert daardie stadium die korrekte behandeling, aldus die psigiatriese getuienis. Die bedrieglike oortredings het geskied tussen 2009 en 2010, nadat hy reeds vir ten minste vier of vyf jaar onder behandeling is. Nadat hy in 2009 die eerste bedrieglike oorbruggingsfinansiering bekom het in die naam van Meyer, het hy teenoor Meyer aangedui dat hy sy les geleer het en besig is om sy verlede reg te stel. Dit het geskied in Oktober 2009. Enkele maande later, in Februarie 2010, doen hy presies dieselfde ten opsigte van Pretorius. Daar is nie op die waarskynlikhede enige oorsaaklike verband tussen die bipolêre versteuring en sy oneerlike optrede aangetoon nie. Inteendeel, dui die berekende wyse waarop hy die transaksies beklank het eerder op beplande optrede in stede van impulsiewe optrede gedryf deur psigiese tekortkominge.

- [23] In al die omstandighede van die saak is ek nie oortuig dat daar enige regverdiging is vir 'n skorsing uit die praktyk, eerder as skrapping van die Rol van Prokureurs nie. By die oorweging van 'n gepaste sanksie, is dit nie net die persoonlike omstandighede van die respondent wat

oorweging verg nie. Die gepaste sanksie is nie slegs gerig op 'n straf nie, maar speel die beskerming van die publiek teen oneerlike regspraktisyns ook 'n rol. Die respondent was in verskeie opsigte en op verskeie geleenthede oneerlik en het deur bedrog fondse bekom vir sy eie gewin. Ek kon geen uitsonderlike omstandighede vind wat 'n mindere sanksie as skrapping van die rol regverdig nie.

[24] Ek is derhalwe van mening dat die respondent nie 'n bevoegde en gepaste persoon is om as prokureur van die hof te praktiseer nie en dat hy van die Rol van Prokureurs van die hof geskrap moet word.

[25] Wat die koste van die aansoek betref, is die normale gevolg dat, indien 'n suksesvolle aansoek deur die Prokureursorde gebring word, die betrokke respondentprokureur die koste van die aansoek betaal. In hierdie geval vra die applikant dan ook vir betaling van die koste deur die respondent op die skaal soos tussen prokureur en kliënt. Dit is nie deur respondent betwis nie en is daar geen rede hoekom 'n ander

bevel verleen sal word wat dit aanbetref nie.

[26] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die naam van die respondent word geskrap van die Rol van Prokureurs van die hof.
2. Verdere bevele word verleen in terme van die aanhangsel hiertoe gemerk "A".

A.F. JORDAAN, R

Ek stem saam.

J.P. DAFFUE, R

Namens die applikant: Adv. D.M. Grewar
In opdrag van:
Azar & Havenga Ingelyf
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. P.U. Fischer SC
In opdrag van:
Gerbers Junius Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/sp

AANHANGSEL "A"

- [1] Respondent word gelas om sy toelatingstifikate as prokureur, notaris en akte-uitmaker aan die Griffier van die Hof te oorhandig binne 7 (sewe) dae vanaf datum hiervan,

by versuim waarvan die Balju gemagtig en gelas word om die sertifikate in besit te neem en dit aan die Griffier te oorhandig.

- [2] Respondent word gelas om alle boeke, gelde, rekenings, rekords en dokumente wat besonderhede verskaf van sy praktyk aan die kurator aangestel in terme van paragraaf [8] hiervan (hierinlater na verwys as die kurator) te oorhandig, welke die volgende insluit:

- 2.1 Alle gelde ontvang, gehou of betaal deur respondent vir of ten behoeve van enige persoon;
- 2.2 Alle gelde belê in terme van artikels 78(2) en 78(2)(A) van die Wet op Prokureurs, 53 van 1979 (die Wet);
- 2.3 Alle rente ontvang op sodanige beleggings wat aan respondent betaal of betaalbaar is;
- 2.4 Met betrekking tot enige bestorwe of insolvente boedel, of boedel onder kuratorskap geplaas waarvan respondent die eksekuteur of kurator is, of welke boedel se administrasie deur respondent namens 'n eksekuteur of kurator hanteer word;
- 2.5 Alle boeke, rekenings, lêers en dokumentasie van welke aard ook al wat te make het met sy praktyk,

asook boeke, rekeninge, lêers en dokumentasie waartoe hy toegang het.

- [3] Indien respondent versuim om enige dokumentasie vermeld in paragrafe 2.1 tot 2.5 te oorhandig binne 7 (sewe) dae vanaf datum van hierdie bevel word die Balju gemagtig en gelas om sodanige dokumente in ontvangs te neem en aan die kurator te oorhandig.
- [4] Die kurator sal geregtig wees om enige van die dokumente, rekenings, lêers en rekords in ontvangs te neem en dit te oorhandig aan enige persoon wat daarop geregtig is nadat alle fooie en uitgawes wat in verband daarmee staan, bevredigend betaal is.
- [5] 'n Geskrewe onderneming van 'n persoon aan wie die dokumentasie waarna verwys word in paragraaf [4] oorhandig is waarin onderneem word om sodanige bedrae aan die kurator te betaal wat betaalbaar is, hetsy by ooreenkoms of nadat die rekenings getakseer is, sal geag word behoorlike sekuriteit te wees vir doeleindes van paragraaf [4]. Die onderneming moet 'n behoorlike

domicilium citandi et executandi van sodanige persoon bevat.

- [6] Die kurator word gemagtig om enige rekening, lêer, dokument, rekenaar, rekenaarprogrammatuur of inligtingstuk, hetsy elektronies of op skrif gestel, wat relevant is tot respondent se praktyk en direk of indirek van toepassing is op enige potensiële eis teen respondent en/of respondent se kliënte en/of die getrouheidswaarborgfonds (hierinlater na verwys as die fonds), of wat betrekking het op enige gelde of eiendom wat aan respondent toevertrou is, in ontvangs te neem.

- [7] Respondent word verbied om op enige wyse te handel met gelde in sy trustrekening gedeponeer.

- [8] Die hoof uitvoerende beampte van applikant, of in sy afwesigheid enige persoon wat in sy plek waarneem, word aangestel as kurator ten einde die trustrekening van respondent in ontvangs te neem tesame met enige onafhanklike rekenings wat geopen is by enige bank of finansiële instelling in terme van artikel 78(1) van die Wet

en/of enige rentedraende rekenings soos bedoel in artikels 78(2) en 78(2)(A) van die Wet en hy word gemagtig om enige sodanige gelde (hierinlater genoem die trustrekening) te bestuur onderhewig aan die volgende magte en verpligtinge:

- 8.1 Dat hy, onderhewig aan die goedkeuring van die beheerraad van die fonds, enige tjeks mag teken en endosseer of fondse onttrek en in die algemeen alles mag doen ten einde die doel te bereik waarvoor respondent aangestel is tot en met die datum van hierdie bevel;
- 8.2 Dat hy, onderhewig aan die goedkeuring en beheer van die beheerraad van die fonds, geregtig sal wees om enige gelde te vorder en in ontvangs te neem namens persone wat geldige eise teen die trustrekening het en/of teen respondent ten opsigte van gelde ontvang en/of belê in terme van artikels 78(1), 78(2) en 78(2)(A) van die Wet (trustgeld) en om enige regsgedinge aanhangig te maak vir die verhaal van gelde wat verskuldig mag wees aan sulke persone as gevolg van onafgehandelde sake hanteer deur respondent, welke gelde moontlik onregmatig uit die

trustrekening betaal is en om sulke gelde in die trustrekening te deponeer;

- 8.3 Om vanuit die respondent se finansiële state en boekhouding die name vas te stel van alle persone namens wie respondent gelde gehou het en/of ontvang het (hierinlater na verwys as die trustkrediteure) en van respondent te verlang om binne 30 (dertig) dae vanaf die datum van die verlening van hierdie bevel sodanige name en adresse met spesifieke verwysing na die besonderhede en bedrae van die relevante transaksies te verskaf;
- 8.4 Om van alle trustkrediteure inligting te bekom by wyse van beëdigde verklaring wat hy in sy opinie dienstig ag ten einde hom in staat te stel om in oorleg met die beheerraad van die fonds vas te stel welke krediteure aanspraak het op die gelde in die trustrekening en wat die omvang van hulle eise beloop;
- 8.5 Om, onderhewig aan die goedkeuring van die beheerraad van die fonds, enige eise van enige trustkrediteur te aanvaar of te verwerp sonder benadeling van so 'n krediteur se reg van toegang tot die siviele howe;

- 8.6 Nadat alle bedrae verskuldig deur respondent vasgestel is, sodanige eise ten volle of gedeeltelik uit te betaal onderhewig aan die goedkeuring van die beheerraad van die fonds;
- 8.7 Om enige kredietbalans in die trustrekening wat mag bestaan nadat alle eise van trustkrediteure ten volle vereffen is, aan te wend ten einde aan enige eise van die fonds in terme van artikel 78(3) van die Wet te voldoen en daarna sonder benadeling van die regte van enige krediteur van die respondent, die koste, fooie en uitgawes te betaal soos verwys na in hierdie bevel, of sodanige gedeelte daarvan as wat nog nie deur die respondent aan applikant vereffen is nie, en indien enige verdere balans bestaan, dit, onderhewig aan die goedkeuring van die beheerraad van die fonds, aan respondent te betaal indien hy solvent is, alternatiewelik aan sy kurator indien hy insolvent is;
- 8.8 In geval daar onvoldoende fondse in die trustrekening is om trustkrediteure soos geflekteer op die boeke ten volle te betaal, dan in daardie geval
- 8.8.1 sal die trustrekening gesluit word en die kredietbalans aan die fonds oorbetal word met

die opdrag om 'n spesiale trustafwagtingsrekening in die naam van respondent in die fonds se boeke te skep en die rekening met die bedrag aldus ontvang te krediteer;

8.8.2 word al sodanige eise van trustkrediteure na die beheerraad van die fonds verwys om mee gehandel te word in terme van die bepalings van die Wet;

8.8.3 kan die kurator die beheerraad van die fonds magtig om sodanige kredietbalans soos verwys na in subparagraaf 8.8.1 hierbo te krediteer na die fonds se “betaalde eiserekening” met die totale bedrag wat betaal is ooreenkomstig artikel 26 van die Wet aan trustkrediteure wie se eise erken is; met dien verstande dat nieteenstaande die voormelde, die beheerraad geregtig sal wees om in sy diskresie die bedrag of bedrae van enige eis/eise wat deur dit erken en betaal is oor te dra na die “betaalde eiserekening”;

8.9 Om, onderhewig aan die goedkeuring van die voorsitter van die beheerraad van die fonds,

genomineerdes of verteenwoordigers aan te stel en/of te konsulteer met en/of prokureurs en/of advokate en/of rekenmeesters en/of ander persone aan te stel wanneer dit noodsaaklik geag word ten einde die kurator by te staan in die uitvoering van sy pligte;

8.10 Om van tyd tot tyd, as kurator, verslag te doen aan die beheerraad van die fonds met betrekking tot sy hantering van die trustrekening totdat die beheerraad kennis gee dat hy van sy pligte onthef word.

[9] Respondent word gelas om

9.1 alle redelike en voorgeskrewe fooie en uitgawes van die kurator te betaal;

9.2 alle redelike fooie en uitgawes te betaal van enige persone wat gekonsulteer is en/of deur die kurator aangestel is;

9.3 skriftelike bewys te lewer, deur die voorlegging van getakseerde rekenings of andersins, aan die kurator binne 1 (een) jaar vanaf die datum waarop hy sodanig versoek is, van fooie en uitgawes verskuldig in verband met sy voormalige praktyk en sou hy in verstek bly om die kurator sodanig tevrede te stel, sal hy nie geregtig

wees om enige fooie en uitgawes van die kurator te verhaal nie sonder benadeling van sy regte om sodanige eise teen sy trustkrediteure in te stel vir die verhaal daarvan.

- [10] Respondent word gelas om applikant se koste te betaal op prokureur en kliënt skaal.